“Oor die jare het ek al tasse vol klere by plekke gelos wat ek gereeld besoek. As ek dus nou Londen toe vlieg, dan vlieg ek net met my skootrekenaar, beursie en paspoort.’

ILLUSTRASIES: FRED MOUTON

Van New York tot Nieu-Bethesda

(en ander stasies tussenin)

Wanneer jy op die snykant van jou bedryf is moet jy lang, ongemaklike ure werk en nagte alleen in hotelkamers voor jou skootrekenaar omsit. Maar só 'n leefstyl is nie vir almal nie. Baie besigheidsmense besluit om eerder iewers op 'n kleiner dorp te gaan afsaal. **Toast Coetzer** gesels met mense wat elkeen van hierdie paadjies gestap het, en ook met 'n paar wat 'n voet in elke wêreld hou.

WANNEER SHERWIN BRYCE-PEASE wakker word in Manhattan, weet hy nie wat die dag gaan bring nie. As die SABC se verteenwoordiger in Amerika is sy taak enorm: om dié land se belangrikste nuusgebeure, wat enigiets van Michael Jackson se dood tot verwikkelinge by die Verenigde Nasies kan wees, vir 'n Suid-Afrikaanse TV-gehoor 'n halwe wêreld weg te kontekstualiseer.

Sherwin is jonk (30) en ongetroud, maar hy mis tog sy ouers en vriende in Suid-Afrika. "Ek moet op kort kennisgewing op en aan die gang kan wees. Dit is dus 'n leefstyl wat definitief meer gepas is as jy nie gesinsverantwoordelikhede het nie. Ek bly in kontak met my familie via e-pos, telefoon, Skype, Facebook en watter nuwe *gadget* Apple ook al volgende gaan uitbring."

Simon Gifford is 'n Suid-Afrikaner wat deesdae in Madrid woon. As bestuurskonsultant by Genesis Management Consulting bring hy ten minste drie dae per week weg van sy huis af deur gewoonlik in die Verenigde Koninkryk, maar ook soms in lande soos Frankryk, Denemarke en Switserland.

In sy werk help hy kliënte om komplekse sakeprobleme op te los en om strategiese besluite in onsekere tye te kan maak. In sy eie besigheidsleefstyl lyk dit of hy hierdie dinge onder beheer het.

"Oor die jare het ek al tasse vol klere by plekke gelos wat ek gereeld besoek. As ek dus nou Londen toe vlieg, dan vlieg ek net met my skootrekenaar, beursie en paspoort. Ek't selfs 'n paar muurbalrakette regoor die wêreld, en 'n ekstra saxofoon by my broer se huis in Surrey waarmee ek hulle soms terroriseer!"

Behalwe vir muurbal speel, draf Simon ook >

gereeld – sy hardloopskoene gaan orals saam. "Ek geniet my werk en as mens reis met die regte houding aanpak kan dit lekker en avontuurlik wees. Ek voel nie jammer vir myself nie – eerder bevoorreg, want my lewe word verryk deur my reise. Boonop gee lang ure op vliegtuie en treine jou die geleentheid om slaap in te haal, te lees of om e-posse te skryf."

Simon sê hy weet waar elke kragpunt by Gatwick is. "Dis so maklik – en bekostigbaar – om in kontak te bly met almal. Ek't twee seuns in Suid-Afrika en ons praat omtrent elke dag oor die foon. Ek stuur ook elke week 'n e-pos, die *Friday Smile*, aan meer as 500 vriende en kollegas uit om hulle op hoogte te hou van my lewe. Gewoonlik is dit bloot een of ander interessante staaltjie, iets positiefs, net sodat ek op almal se radar bly."

Simon werk harde, lang ure, maar hy gun homself ook genoeg vakansie – sowat drie maande per jaar wanneer hy kwaliteit tyd saam met vriende en familie deurbring. En as hy skielik iets tipies Suid-Afrikaans mis? "Wel, daar's baie Nando's-takke in Londen! Ek's ook deel van 'n groep 'uitgewekenes' genaamd Amigos de Sudafrica. Ons kom nou en dan bymekaar en drink goeie Suid-Afrikaanse wyn en gooi 'n braai."

Die balans wat Simon handhaaf, is egter nie ewe maklik vir almal nie. Mense se behoeftes verander. Ander se idees van wat presies 'besigheid' moet wees is in die eerste plek totaal anders as ons vooropgestelde idees van iemand wat 'n streepdas, grys pak en aktetas dra.

William Davis (wat in 2009 sy MBA voltyds by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool studeer het) is nie van plan om die tradisionele paadjie te stap nie. Sy besigheid – Gap Year South Africa – is diep gewortel in gemeenskapsopheffing deur sportafrigting en omgewingsopvoeding. William woon tans in die Kaap, maar die jongmense en studente wat oral uit Europa en Noord-Amerika kom om deel van Gap Year South Africa te wees gaan meestal Oos-Kaap toe om betrokke te raak by projekte in die Port Elizabeth-omgewing.

"Ek kom oorspronklik van die Oos-Kaap," sê William. "Ek veronderstel jy kan sê ek keer terug na my wortels deur hierdie tipe werk daar te doen. Die Oos-Kaap is een van die armste provinsies, en daarom is gemeenskapsontwikkeling van groot belang. Menslike kapitaal, dís wat nodig is. En dit werk na albei kante toe, want die jongmense wat uit Engeland of Amerika oorkom om hier betrokke te raak sien hoe werk dinge in die ontwikkelende wêreld. Baie keer later terug Suid-Afrika toe vir nog 'n paar maande of ondersteun projekte selfs nadat hulle terug huis toe is."



HEATHER SONN (38) VOEL ook dis nou tyd om terug te ploeg eerder as om net uit te haal. In haar kort maar kragtige loopbaan tot dusver het sy al as beleggingsbankontleder in New York gewerk, as batebestuurder in Kaapstad en as aandelemakelaar in Johannesburg. Sy het ook 'n klein beleggingsmaatskappy begin en in Londen vir ABSA/Barclays gewerk.

Dis tydens laasgenoemde tydperk dat sy besluit het om haar lewe op 'n heel ander manier voort te sit. "My betrokkendheid by my kinders se lewe was baie beperk," vertel sy. Heather en haar man, Devon Pather (wat voorheen in aandeel-afgeleide instrumente gewerk het), het twee jong kinders. "Ek't besef dat hulle my nodig het. In daardie stadium kon ek nie my werkspersona – aangedryf deur spertye en agendas – skei van die sagmoediger gesinspersoon wat ek tuis moes wees nie."

Heather, Devon en hul kinders woon nou in Tokai buite Kaapstad. "Ek't skielik besef ons was besig om weg van mekaar te groei omdat ek nie daar was om te help om 'n gesonde omgewing vir die kinders se grootwordjare te skep nie. Ek wou hê ons moes saam ontwikkel en saam stap op 'n pad wat hopelik sou lei tot welbehae en geluk."

Hulle beplan nou om 'n nie-winsgerigte projek van stapel te stuur wat daarop gerig is om kinders se skoollewe met sportaktiwiteite, die kunste, ekstra klasse en meditasie-sessies te verryk. "Ons is tans besig om hierdie middeweg vir ons lewe te beplan – 'n plek waar ons steeds 'n lewe kan maak, maar dit wat ons doen sal 'n wyer sosiale impak hê en ons kinders sal deel wees van die omgewing wat ons gaan skep."

Nomfundo Mbaba-Tshabalala is 'n bemarkingsbestuurder vir Polokwane as gasheerstad vir die Wêreldbekersokkertoernooi. Sy vlieg gereeld na vergaderings elders in Suid-Afrika, maar ook oorsee, vernaam Europa. Dis ook dan tipies dat, wanneer ek haar in die hande kry, sy vir my e-pos van haar BlackBerry af stuur.

Hoewel sy en haar man nie kinders het nie, voel sy tog dat die tyd wat sy nie saam met haar man deurbring nie, 'n impak het. "Wanneer ek weg is, styg ons foonrekening, want ons gesels elke aand, basies tot ek aan die slaap raak," skryf sy. "Met 'n jong huwelik is dit nie ideaal as een gedurig in 'n ander land is nie. Ek wil meer tyd met my man deurbring voor ons kinders kry. Ek wil nie meer alleen in 'n hotelbed slaap nie, dit moet 'n bed vir twee wees! Maar wie weet, dalk is ek eendag weer lus vir hierdie leefstyl ..."

Kinders kan 'n belangrike rol speel in hoe besigheidsmense hul lewenstyl verander. Die koms van kinders, of soos in joernalis en mediapersoonlikheid Max du Preez se geval selfs iets so eenvoudig soos 'n kind wat hoërskool toe moet gaan, kan 'n impak maak. Max het 12 jaar gelede Johannesburg verlaat en 'n plotjie in

‘Die feit dat hy ’n groot boom in die agterplaas kon hê, hoenders en ganse kon aanhou en organiese groente kon verbou het beteken dat hy nie meer in die verkeer hoef vas te sit nie en vuil lug hoef in te asem nie.’

Napier in die Overberg gekoop. Oor die telefoon hoor ek egter hoe raas iets in ’n hol huis in die agtergrond.

“Ja,” sê Max, “ons is nou in die Bo-Kaap. Ons een seun begin hoërskool, so ons is nou meer in die stad.” Hy en sy vrou het nog steeds die plek in Napier en Max sien geen probleem daarmee om tussen die Kaap en Napier te pendel soos nodig nie.

“Napier werk vir my. Dis ’n baie lekker konsep – ek’t ’n ou huis gekoop en die waenhuis in die agterplaas omskep in ’n kantoor. As jy ’n ADSL-lyn en DSTV het, dan’s jy so goed as in die stad. Ek’t elke dag die koerante gekry en vroegoggend reeds die *New York Times* en *Washington Post* aanlyn gelees. As jy dan nog deur die dag die nuus op BBC volg – wel, baie van my kliënte het nie eers geweet ek’s nie meer in my penthouse in Melville nie!”

Vir Max was dié kleindorp toe trek meer as net ’n fase. Die feit dat hy ’n groot boom in die agterplaas kon hê, hoenders en ganse kon aanhou en organiese groente kon verbou het beteken dat hy nie meer in die verkeer hoef vas te sit nie en vuil lug hoef in te asem nie.

“Daar’s niks wat stres so goed behandel soos die natuur nie,” sê Max. “Ek kan sommer direk in die berg gaan stap van my huis af. My vrou is ’n grafiese ontwerper, maar selfs sy kan van Napier af werk. Dalk trek ons weer permanent Napier toe oor so drie jaar.”

Wanneer Max onder druk ’n boek moet sit en klaar skryf, dan’s sy toevlug ook tot Napier. Daar kan hy homself afsonder en fokus op sy werk.

Regoor die land is daar dorpies soos Napier wat stadsmense lok met die belofte van ’n rustiger leefstyl. Hulle is gewoonlik binne trefafstand van die stad – byvoorbeeld Riebeek-Kasteel buite die Kaap of Dullstroom vir Gautengers. Soms is dié dorpies meer afgesonder, soos Nieu-Bethesda en Prins Albert in die Karoo. Maar nie alle beroepe is so gepas soos dié van ’n skrywer vir die soms radikale skuif van groot stad na plattelandse dorpie nie.

David Blackie, 58, was ’n persoonlike bankier (by SAGE Trust, later ABSA) nog voordat die term eintlik bestaan het. Ná twee dekades se gejaag in Johannesburg het hy besluit hy het genoeg gehad, van Johannesburg én van sy werk.

“In 1996 het vier van ons besluit om ’n *wellness retreat* in Prins Albert te begin,” vertel David my vanuit ’n huis so stil jy kan dit hoor asemhaal. “Ek’s nie meer betrokke nie, ek’t nou my eie besigheid as holistiese geneser en hou meditasie-sessies drie keer per week. Ek maak ook portretrame in my werkwinkel by die huis. Voorheen het ek ’n winkeltjie gehad wat als van kuns tot antieke meubels en goed verkoop het. In ’n plek soos Prins Albert moet jy al jou talente inspan en nuwe dinge langs die pad leer as jy wil oorleef.”

Dis iets waaraan buitestanders soms nie dink nie – net omdat ’n besigheidspersoon nou in ’n kleiner dorpie woon, beteken dit nie dat hy of sy net kan terugsit en kyk hoe die blouape in die mielies maai nie. Jy moet steeds kan oorleef, maak nie saak of jy geld maak deur die aandele te speel of ’n gastehuis te bedryf nie.

“Ek’t my besluit om hierheen te trek nog nie vir ’n splitsekonde berou nie,” sê David. “Jy kan ’n eenvoudiger bestaan maak hier. Die dorp het ’n unieke atmosfeer wat ek nog nooit elders ervaar het nie.”

Die eenvoud van Prins Albert het ’n soortgelyke bekoring vir Yvette Breedt (44). Sy en haar man is al amper twee jaar in die dorp. Yvette was voorheen ’n persoonlike assistent vir Sasol Synfuels se besturende direkteur in Johannesburg, maar deesdae geniet sy die rustiger lewe deur ’n *posh* padstal genaamd Lah-di-dah te bedryf.

“Hier maak dit regtig nie saak watse soort motor jy ry nie, of watse *label* op jou denim is nie,” sê Yvette. Ja, daar’s dinge wat sy mis (die teater, fliek en Nando’s) en die dorp het byvoorbeeld ook nie ’n veearts nie. Die naaste lughawe is in George, twee ure ver, maar soos sy uitwys bestee sommige stedelinge maklik twee uur per dag in die verkeer. Tog, met telefone en die internet is dit vir haar maar net soos om in die stad te bly. “Alles gebeur net op kleiner skaal en dis mooier en die pas baie stadiger.”

En sou sy ooit weer die skuif terug stad en *rat race* toe maak? “Nee, tensy dit nie anders kan nie. Die lewe loop mos soms maar vreemde draaie.” a

Hoe handhaaf jy die balans in jou leefstyl?

Skryf gerus aan **agenda@usb.ac.za** of sms **39841** (teen gewone sms-tariewe)